

# HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HERALD

## INENTINGS IS VEILIG

**E**en van die algemene praktisyne van Dokters Spies en van Stryp het sy Covid-19 inenting ontvang.

Verlede week het Dokter Lood Spies sy inenting

van Johnson & Johnson as deel van die kliniese toetsfase deur Johnson & Johnson en die mediese navorsingsraad van Suid-Afrika, gekry. Nie een van die mense wat reeds die Johnson & Johnson entstof teen Covid-19 ontvang het, is tot dusver gehospitaliseer of oorlede weens die virus nie. Al die personeel wat by Drs Spies en van Stryp se spreekkamers werk, het die 19de Januarie aanlyn geregistreer en moes geduldig wag vir 'n elektroniese

koepon. Dr Lood het sy koepon die 17de Maart ontvang en moes toe soek na 'n funksionele sentrum wat die entstof in voorraad het. Daar is van die begin af groot twyfel oor die regering se vermoë om die entstof doeltreffend aan te skaf en te versprei. Daar is wel 'n probleem met die beskikbaarheid van die entstof en verskeie sentrums open en sluit sonder waarskuwing. Hoogland MediClinic het hom die volgende dag laat weet dat Dihlabeng hospitaal op Bethlehem 300 dosisse vir die dag ontvang het en dan weer daarna sou sluit. Die proses het ook gewerk met "first

come, first serve" basis. Dr. Lood vertel aan Heilbron Herald dat die inspuiting self nie vir hom seer was nie, maar die plek waar hy ingespuit is vir so paar dae later



nog seer gebly het. Die aand het hy goor gevoel en vir drie dae lyfseer gehad wat beter geword en verdwyn het, maar geen ernstige nuwe-effekte nie. "Die lyfseer was nogal prominent maar nie so erg as die ware Jacob nie." Hy praat uit ondervinding nadat beide Dr. Spies en Van Stryp in Augustus verlede jaar positief getoets het vir die virus. Die res van die personeel by die spreekkamers wag nog om hulle elektroniese koepon te ontvang. Dr Lood moedig almal aan om die inenting neem sodra dit moontlik is. "Watter is die beste inspuiting? Die eerste een wat jy kan kry!"



## ONTSLUIT WAARDE UIT SOJARESTE

Die waarde van sojareste moet nie onderskat word nie en kan 'n groot bydrae lewer tot skaap se winsgewendheid, mits dit reg benut word. Johan Mouton, tegniese bestuurder by Molatek, het skaapboere Woensdag tydens 'n skaap-inligtingsdag op die plaas Canossa toegesprek oor die optimale benutting van sojareste. He het ook die maatskappy se nuwe produk, Pasture Master, bekend gestel. Daar is onskatbare waarde in sojareste, maar dit moet reg benut word en hierdie nuwe produk help dan om die waarde optimaal te ontsluit. Op die foto vl: Johan Mouton, die Hattings van Wesdan Boerdery - Francois, Marise en Danie, saam met Reinier Muller, Molatek se bemarker in die area.

**PASTURE MASTER  
NOU BESKIKBAAR BY DIE  
NAASTE KOÖPERASIE!**



**MOLATEK**

Vir navrae:  
Reinier Muller  
082 924 7835





**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING  
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE**

Vir kraalbesprekings en inskrywings  
skakel Piet Boshoff: 083 210 7135  
Postbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071  
E-pos: frankfort@bkb|ouw|wid.co.za  
www.bkb.co.za  
Rugby No: 2000/028173007



*Waar sake elke keer,  
die eerste keer reg gedoen word!*